

"WYS HOM JOU PAPIERE ..."

J.J.B. Dreyer



'n Museum skep dikwels die indruk van koue onpersoonlike uitstallings van voorwerpe. Agter die skerms is daar egter groot bedrywighede aan die gang. Die take van 'n museumkundige behels onder meer die versamel van feite en materiaal, die bewaring daarvan, voorbereiding van uitstallings en die bekendstelling van kennis deur publikasies of voordragte.

'n Groot deel van die werk behels navorsing. Dit beteken nie net werk in 'n laboratorium agter 'n mikroskoop nie. Die meeste navorsing begin gewoonlik met 'n fase van veldwerk en alle kennis wat nie uit geskrewe bronne gesnuffel word nie, is hoofsaaklik op veldwerk gebaseer. By die Museum kan veldwerk op verskillende wyse onderneem word. Soms beteken dit 'n haastige skeppie grond langs die pad, herhaalde besoeke aan voëlneeste of miershope op 'n plaas of 'n lang uitgerekte opgrawing met letterlik maande se woon op die terrein. Hoe dit ook al sy, in elke geval is die Museum afhanklik van die toestemming en goedgesindheid van grondeienaars en plaasbewoners.

So deur die jare het veldwerk ook sy kwota ontberings en ervarings opgelewer. So was 'n entoesiastiese volkekundige eenkeer besig om foto's van 'n mooi versierde hut van 'n plaaswerker te neem, toe die ontstoke boer hom aan die verkeerde kant van die draad betrap. Nodeloos om te sê dat die "kommunis" summier van die plaas weggejaag is. Of die keer toe 'n befoeterde bokram nie gediend was met die kampery op 'n verlate plaaswerf nie. Die tente was aan flarde en die kookgoed en toerusting oor die werf verstrooi nadat die bok 'n paar keer

daardeur gehardloop het. Elke persoon in amptelike diens, of hy nou 'n vee-inspekteur, geoloog of poskantoorwerknemer is, kan sekerlik getuig van ondervindinge of noue ontkomings van een of ander aard. Dit herinner aan die storie van die koppige amptenaar wat hom op sy geskrewe magtiging beroep het toe hy vermaan is dat 'n sekere kamp verbode is a.g.v. die kwaai volstruismanne wat daar loop. Later toe die amptenaar al vluggende benoud om hulp roep, was die boer se raad: "Wys hom jou papiere...!"

Museum-amptenare word gewoonlik vriendelik deur die mense ontvang. Vir hierdie goeie gesindheid wat soms opofferinge meebring kan die Museum nie vergoed nie. Indien dit in terme van geld omgerekend word, sou ons dit eenvoudig nie kon bekostig nie. Ons kan alleen maar ons dank betuig en nougeset daarop let om verantwoordelik op te tree, eiendom te respekteer en nie die normale gang van bedrywighede te ontwig nie.

Grondeienaars en -bewoners tree ook op as kuratore vir die beskerming en bewaring van terreine deur die beheer van toegang tot sekere plekke. Hierdeur word voorkom dat rotstekeninge of ruïnes beskadig word en seldsame plante, diere en voëls uitgeroei of verdryf word. Hiervoor verdien die boere groot lof en waardering van die hele gemeenskap.

Met hierdie kort nota word hulde gebring aan die stille medewerkers van die Museum. Ons betuig ons dank vir welwillendheid, geduld en belangstelling. 